**Tema:** Ons moet saam blom waar die Here ons geplant het.
**Teks:** Jeremia 29:1–14

Ons lees vandag 'n brief wat Jeremia aan die ballinge in Babel geskryf het. Hulle vas ver van hul huise en die tempel. Hulle was ook ver van familie en vriende en van alles wat hulle geken en wat vir hulle lief en dierbaar was.
Hulle het geworstel met vrae soos: "Het God ons vergeet? of "Het Hy ons verlaat?"

Ons leef ook in 'n vreemde wêreld besmet met korrupsie en geweld. 'n Wêreld waar baie goed wat vas en seker was, onder ons weggekalwe word.

Ek dink baie van ons wonder vandag weer of God nog in beheer is. En as Hy is, waarom doen Hy nie iets aan hierdie chaos nie?

In 'n donker tyd stuur God, deur Jeremia, 'n woord van hoop, ook vir ons vandag.

**1. God verseker ons dat Hy steeds in beheer is, ook in ballingskap.**
Die volk van Juda het gedink dat hulle net in Jerusalem naby aan God kon wees. Volgens hulle bly God in tempel. Omdat die tempel verwoes is, weet hulle nie waar God is nie.

Nou sit hul ver van hul stad en tempel in ballingskap. Hulle het net hulself om te blameer. As gevolg van hulle eie volharding in sonde, het hulle in ballingskap beland.

Maar hier in Babel herinner Jeremia hulle: God se planne is nie gebonde aan wat mense aanvang nie.

God is en bly in beheer. In die gelese verse lees ons 15 maal van "Ek". Gaan lees gerus weer die gedeelte en kyk hoe God in aksie is.
Ons lees ook in Jer 29:4; 8; 17; 21; 25 dat Hy die Almagtige is. Die Here is sterker as alles en almal. God is God – ook in ballingskap.
En in Jer 29:14 lees ons sy belofte dat Hy, op sy volmaakte tyd, sy volk sal bymekaarmaak en terugbring.

Dalk voel jy vasgevang in 'n moeilike en onverstaanbare situasie. Dit kan iets soos siekte of dood, finansiële stryd, werksonsekerheid, verlies of een of ander verhoudings deurmekaarspul in jou lewe wees.

Jeremia se boodskap is: God gooi nie mense weg nie. Hy is met ons opweg.

Waar jy jou ookal vandag bevind, fisiek, geestelik en emosioneel, God is daar. En Hy roep ons op om 'n verskil te maak waar ons is.

**2. God plaas ons waar ons nou is en roep ons op om 'n verskil te maak.** (Jer 29:5-7)

Die Here beveel sy volk om nie nie te sit en verlang na die goeie ou dae of na eendag in die toekoms nie. Hulle moet nou leef. Skrop nes waar jy is. Sorg vir 'n nageslag. Maak voorsiening vir jou daaglikse behoeftes.

Bevorder die belange van die vreemde stad waarin jul jul bevind. Maak die stad 'n beter plek om in te woon – beywer julle vir vrede en voorspoed.
Bid tot God sodat dit goed sal gaan met heidense stad Babel.

In 'n stukkende wêreld wat dikwels nie God se waardes deel nie, kan ons veg (dit is dikwels ons eerste reaksie); vlug (onttrek) of vries. (ons kan ons lewe op "pause" sit omdat ons vir beter dae wag.)
Maar dit is nie God se plan met ons nie.

Hierdie is ons stad. God het ons hier geplaas. Dit is ook óns plek. Hier moet ons ons tuismaak en 'n verskil maak. Ons moet bid vir die stad en bereid wees om te dien.
Ons moet van die stad vir almal 'n beter plek maak om in te woon.

**En in ons stukkende wêreld moet ons onthou, God se planne is goed, selfs al verstaan ons dit "nog nie".** (Eenmaal sal ons dit verstaan.)
Die kernvers van hierdie gedeelte is Jeremia 29:11:
"Ek weet wat Ek vir julle in gedagte het. Ek beplan dat goeie dinge met julle sal gebeur en nie slegte goed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê." (Die Boodskap)

Ons haal en stuur hierdie vers gereeld vir mekaar aan. Ons bedoel daarby dat ons kan vashou daaraan dat die Here ons met ons eie land en huis, genoeg kos en gesondheid sal seën. En Hy voorsien dikwels hierin.

Maar hierdie belofte beteken nie dat alles altyd maklik sal gaan nie. Anders as wat die dwaalleraars geleer het, moes die volk vir nog 70 jaar in ballingskap bly.

**Die grootste deel van die voorspoed wat die Here aan ons belowe, is nie aardse goed nie.**
Voorspoed is 'n geloofslewe waarin ons die Here ken en dien, dit is sy bedoeling met ons lewens. Voorspoed is 'n lewende gebedslewe. Ons lees in Jer 29:12-14a:
"[12]Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. [13]Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. [14]Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit."

Hierdie voorspoed word nie bepaal deur ons omstandighede nie, maar is gesetel in 'n intieme geloofsverhouding met God.
Van hieruit werk Hy sy vrede, te midde van ons swaarkry, in ons. En ons is seker van ons toekoms, want dit is God se toekoms met ons.

**Afsluiting**
Gemeente, God verseker ons vanoggend van 3 dinge:

- God is by ons, ook in ons "ballingskap".
- Ons roeping is om sy verandering of verbetering te bring waar ons is.
- Ons toekoms op aarde is nie noodwendig maklik nie, maar dit is veilig in God se hande en loop uit op die volmaakte ewige lewe.

Daarom kan ons met oorgawe leef, ons kan bou, liefhê en kinders kry, terwyl ons bid en dien.
**Amen.**